higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N5

(6020275)

09 November 2023
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

VRAESTEL	TYD	PUNTE
AFDELING A: TIKTEGNIEK	2 uur	200
AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE	1 uur	100
TOTAAL	3 uur	300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

30 MINUTE WORD TOEGELAAT VIR DIE LEES VAN DIE INSTRUKSIES

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vraestel beantwoord. Die toesighouers sal verduidelik indien nodig.

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat nie gereed en betyds vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS (VRAAG 1) is nie, sal eers toegelaat word om die eksamenlokaal binne te gaan na die verstryking van die TIEN minute wat vir die toets toegelaat word.

2. Kandidate mag minstens DRIE MINUTE voor die aanvang van die eksamen deur VRAAG 1, die tydnoukeurigheidstoets, lees.

3. Die tydnoukeurigheidstoets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Nadat die TIEN minute vir die tydnoukeurigheidstoets verstryk het, sal jou toets deur die toesighouer ingeneem en onderteken word. Dit sal gehou word tot die eksamensessie verby is, waarna dit in jou teenwoordigheid in jou EKSAMENVOUER geplaas sal word.

5. Beantwoord al die vrae.

6. Prosedure vir VRAE 2, 3, 4, 5 en 6: Sleutel in, stoor en druk.

7. Herwin die briefhoof gestoor as VRAAG 3 op jou datadisket/ hardeskyf/netwerk.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE

Jy het die volgende ontvang:

1. Inligting oor die vrae
2. Aantekeninge oor die vrae
3. Klankkasset of klanksagteware

LET WEL:

1. As jy 'n klankkasset gebruik, moet jy die kasset terugdraai voordat jy met die transkripsie begin.
2. Voltooi die inligting wat benodig word vir AANTEKENINGE OOR DIE EKSAMENVRAE.

DRUKWERK

Elke antwoord moet op 'n aparte A4-papier gedruk word. Gebruik net EEN kant van die papier.

ALGEMEEN

1. Jy mag die ASCII-kodes gebruik.
2. GEEN aantekeninge of enige ontoelaatbare materiaal mag in hierdie artikels weggesteek of getranskribeer word nie.
3. Werk vinnig en akkuraat om die vraestel betyds klaar te maak.
4. Stoor jou werk op die rekenaar gereeld om te voorkom dat jy ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking verloor. Slegs die duur van die kragonderbreking sal addisioneel toegelaat word. Geen ekstra tyd sal toegelaat word vir verlore werk nie.
5. In die geval van 'n fout met 'n rekenaar of drukker, sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan, en die werklike verlore tyd sal vir jou gegee word.
6. Sleutel die VRAAGNOMMER sowel as jou EKSAMENNOMMER op elke vraag in soos aangedui op die vraestel. Antwoorde sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal NIE nagesien word nie.

Kopiereg voorbehou

7. Gee aan die einde van die eksamensessie die volgende in:

   7.1 EKSAMENVOUER met DRUKSTUKKE in dieselfde numeriese volgorde as die vrae in die VRAESTEL.

   7.2 Skyf, behoorlik gemerk met jou EKSAMENNOMMER. As die werk op die hardeskyf/netwerk gestoor word, moet die toesighouer(s) die antwoorde op 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer en die antwoorde moet onmiddellik van die hardeskyf/netwerk verwyder word. Kandidate se antwoorde moet vir ten minste 6 MAANDE bewaar word.

   7.3 Die teruggedraaide kasset.

   7.4 Al die ander drukstukke. Geen drukstukke mag uit die eksamenlokaal geneem word of in vullisblikke geplaas word nie.

8. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk nie, mag nie sy/haar geheuestokkie of data op die hardeskyf/netwerk aan 'n ander kandidaat beskikbaar maak om daartoe toegang te verkry nie, of mag nie tot 'n ander kandidaat se werk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot 'n ander se inligting te bekom of om inligting in enige vorm na mekaar oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou en as 'n eksamenonreëlmatigheid hanteer word. Sodanige gevalle sal formeel ondersoek word en mag lei tot die terughouding van kandidate se uitslae.

WAG VIR INSTRUKSIES VAN DIE TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

TIKTEGNIEK

	TYD	PUNTE
VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS	**10 minute**	**20**
VRAAG 2: TABEL	**24 minute**	**40**
VRAAG 3: OMSENDBRIEF	**32 minute**	**50**
VRAAG 4: AGENDA	**19 minute**	**30**
VRAAG 5: MINUTE	**25 minute**	**40**
VRAAG 6: AFRIKATAAL	**10 minute**	**20**
TOTAAL	**120 minute**	**200**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REëLAFSTANDE: 1.5 of 2.0 SPOED: 45 wpm (minimumvereiste)	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links LETTERTIPE: Courier New 12 pt

1. Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS hier onder moet slegs EEN keer ingesleutel word.
2. Die teks maak voorsiening vir 45 en 50 woorde per minuut.
3. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn), en VRAAG 1 (regs belyn) in.
4. Stoor die dokument as V1 en maak 'n drukstuk.
5. Jou toets moet aan die BEGIN van die eksamen deur die toesighouer ingeneem en onderteken word. Alle bladsye moet onderteken word.

Inenting is die toedien van 'n entstof om die immuunstelsel te help om beskerming teen 'n siekte te ontwikkel. Entstowwe bevat 'n mikro-organisme of virus in 'n verswakte, lewende of dooie toestand, of proteïene of gifstowwe van die organisme. Deur die liggaam se aanpasbare immuniteit te stimuleer, help hulle om siektetoestande van 'n aansteeklike siekte te voorkom.

Wanneer 'n voldoende persentasie van 'n bevolking ingeënt is, word kudde-immuniteit verkry. Kudde-immuniteit beskerm mense met verswakte immuunstelsels wat nie 'n entstof kan kry nie, want selfs 'n verswakte weergawe sal hulle benadeel. Inenting is die doeltreffendste manier om aansteeklike siektes te voorkom, wydverspreide immuniteit as gevolg van inenting is grootliks verantwoordelik vir die wêreldwye uitwissing van pokke en die uitskakeling van siektes soos polio en tetanus in groot dele van die wêreld.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Net soos enige medikasie of prosedure, is geen entstof 100% veilig of effektief vir almal nie, want elke persoon se liggaam kan anders reageer.

Terwyl geringe newe-effekte, soos ongemak of lae koors, relatief algemeen is, kom ernstige newe-effekte slegs in ongeveer 1 uit elke 100 000 inentings voor. Dit behels gewoonlik allergiese reaksies wat 'n uitslag of asemhalingsprobleme kan veroorsaak. Entstowwe is egter die veiligste wat hulle ooit in die geskiedenis was, en elke entstof ondergaan streng kliniese toetse om hul veiligheid te verseker voordat dit deur die owerhede goedgekeur word.

Voor menslike toetse word entstowwe op alle selkulture getoets en die resultate gemodelleer om te bepaal hoe die immuunstelsel sal reageer. Tydens die volgende toetsrondte bestudeer navorsers entstowwe op diere, insluitend muise, konyne, marmotte en ape.

Entstowwe wat elk van hierdie toetse slaag, word dan deur die veiligheidsowerheid goedgekeur om 'n driefasereeks menslike toetse te begin, wat slegs na hoër fases vorder as dit in die vorige fase as veilig en effektief beskou word. Die mense in hierdie proewe neem vrywillig deel en moet bewys dat hulle die doel van die studie en die potensiële risiko's verstaan.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Tydens fase 1-proewe word 'n entstof getoets in 'n groep van ongeveer 20 mense met die primêre doel om die veiligheid van die entstof te bepaal. Fase 2-proewe brei die toets uit tot 50 tot 'n paar honderd mense.

45 wpm

Gedurende hierdie stadium word die veiligheid van die entstof steeds geëvalueer en navorsers versamel ook data oor die doeltreffendheid en die ideale dosis van die entstof.

50 wpm

[20]

VRAAG 2: TABEL

TYD: 24 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 1.27 cm/0.5" Regs: 1.27 cm/0.5" REëLAFSTANDE: Enkel, behalwe waar anders aangedui	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Geen BELYNING: Soos aangedui LETTERTIPE: Arial 12 pt
1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 1 (regs belyn) in. 2. Neem alle proefleestekens in ag. 3. Voeg 'n TABEL in. 4. Stoor die dokument as V2 en maak 'n drukstuk. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.	

Kandidaat: Sentreer ALLE kolomopskrifte horisontaal en vertikaal
ALLE kolomopskrifte - vetdruk
Beskadu ry 1 en ry 2 15% grys
Regsbelyn alle syfers behalwe in opskrifte

Jongste entstofstatistiek[1] 20 pt, vetdruk, o/streep, regs belyn, gesp hfls

loop aan

Opsomming van totale Covid-19-inenting soos op 28 Okt 2021 om 17:00 (12-17 jaar ingesluit)			voluit bk loop aan	
Totale aantal entstowwe toegedien [22,118,947			NR	
Provinsie	Totale aantal Johnson & Johnson [entstowwe toegedien [5,199,773 loop aan o/streep NR NR		Totale aantal Pfizer- [entstowwe toegedien [17,030,773 o/streep NR NR	
	Sisonke	Nasionaal	Eerste Dosis	Tweede Dosis
Os-Kaap sp	60502	-	574000 trs	1955887
Vrystaat	24355	294500	-	934379
Gauteng	135444	8582015	2963574	2021047
KwaZulu-Natal	94393	755610	1542162	2620738
Noord-Kaap	9455	137464	~~0~~ 94000 skrap	307229

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 (VERVOLG)

Totale aantal entstowwe [Toegedien volgens geslag [en ouderdom NR ok		
Vroue ~~Vroulik~~ stet	Mans ~~Manlik~~ stet	Kinders 12 tot 17 jaar kurs
704598	403084	15000
282559	183519	16000
1210983	912304	25000
1039491	578783	23000
91310	72707	8000

[1]Data vertoon bevat slegs inentingsrekords wat vasgelê is op / intydse elektroniese inentingsdatastelsel en sluit papierΛrekords van / laaste 24 uur uit.

bk Λ inentings vetdruk, kurs

[40]

VRAAG 3: OMSENDBRIEF

TYD: 32 MINUTE **PUNTE: 50**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REëLAFSTANDE: Enkel, behalwe waar anders aangedui	PAPIER: Briefhoof WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links LETTERTIPE: Courier New 12 pt, behalwe waar anders aangedui

1. Herwin die briefhoof VRAAG 3 wat in die INLIGTINGVERWERKING N5-vouer gestoor is.
2. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 3 (regs belyn) in.
3. Neem alle proefleestekens in ag.
4. Stoor die dokument as V3 en maak 'n drukstuk.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.

Kandidaat: Voeg paragraafnommers in soos aangedui en keep in
Rangskik paragrawe in numeriese volgorde
Skep 'n bladsybreek na subparagraaf 1.5
Nommer slegs bladsy 2, bo links

Voeg vandag se datum in, regs belyn

#

Aan∧ alle Nieprofessionele Gesondheidswerkers bk ∧:

#

Entstofbekendstelling 16 pt, gesp hfls, vetdruk, dubbel o/streep, sentreer

#

Die entstofbekendstelling is goed aan die gang en die <u>meeste</u> bk
gesondheidswerkers is ingeënt, maar nie alle gesondheidswerkers is
ingeënt nie. [In ooreenstemming met / Departement van Gesondheid se NP
oorspronklike gefaseerde benadering tot / bekendstelling, moet
<u>Fase een</u> van / inentingsveldtog verseker dat alle vetdruk in syfers
gesondheidswerkers ingeënt is.

loop aan
<u>Fase 2</u> van / bekendstelling het begin en steeds is nie alle vetdruk
gesondheidswerkers ingeënt nie. ~~Ons moet dit so vinnig as moontlik regstel.~~ skrap

#

1. Gesondheidwerkers wat in aanmerking kom vir inenting, sluit in: bk, vetdruk, o/streep

#

VRAAG 3 (VERVOLG)

- Verpleegsters (alle katagorieë) ╪ sp
- Mediese dokters (alle kategorieë en spesialisasies) ╪
- Gemeenskapsgesondheidswerkers, skakel- en ontwikkelingsbeamptes in diens van provinsiale gesondheidsdepartemente ╪
- Aptekers en Aptekersassistente ok
  [(ten volle geregistreer, postbasies, basies) ╪ NR o/streep
- Personeel wat in studentegesondheidsdienste by TBOO's en HOI's werk

voeg in subparagraaf-nommers 1.1-1.5 en keep in

╪

Bladsybreek

3. Verifikasieproses: bk, vetdruk, o/streep

╪

Om te verseker dat slegs kwalifiserende GSW's gedurende hierdie fase van / bekendstelling vir entstowwe registreer en inentings ontvang, is dit nodig om 'n paar kontroles en verifikasie in te stel. Hierdie verifikasie en kontroles sal verseker dat slegs diegene wat in aanmerking kom hul inenting ontvang.

╪

2. Data benodig: bk, vetdruk, o/streep

╪

Data verskaf vir GSW's se verifikasielys moet die volgende insluit (stuur ~~details~~ stet ~~inligting~~ in MS Excel en in 'n spesifieke volgorde aan vaccines@health.co.za): kurs

╪

Naam, van en identiteitsnommer; [Fasiliteitsnaam/Praktyknaam/ NR
Maatskappynaam; [Praktyknommer of maatskappyregistrasienommer NR
en werkgewer se kontakbesonderhede

╪

4. Registrasietydperk: bk, vetdruk, o/streep

╪

Registrasie sal vanaf / datum van hierdie brief tot 31 Desember wees, waarna hierdie diens beskikbaar nie meer sal wees nie. trs

╪

Die werkgewer sal verantwoordelik wees om te verifieer dat slegs werknemers per / omsendbrief hier bo as gesondheidspersoneel gekategoriseer word, op / lys verskyn. FB Berlin Sans 14 pt, sentreer, enkel rand

Dr SK Bovungana, Direkteur-Generaal: Gesondheid bk, vetdruk sit afsluiting korrek uiteen

[50]

VRAAG 4: AGENDA

TYD: 19 MINUTE **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REëLAFSTANDE: Enkel, behalwe waar anders aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links LETTERTIPE: Courier New 12 pt
1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 4 (regs belyn) in. 2. Neem alle proefleestekens in ag. 3. Stoor die dokument as V4 en maak 'n drukstuk. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.	

Kennis word hiermee gegee van 'n algemene vergadering van personeellede en entstofadvieslomkomitee wat gehou sal word om 10:00 op Woensdag bk
3/11/2021 in / raatsaal. voluit sp

skuif

1. Bywoning

2. Verskonings

Agenda sentreer, vetdruk, gesp hfls

3. Opening en verwelkoming

4. Notule van die ~~vorige~~ huidige vergadering stet

5. Besprekingspunte: vetdruk, kurs

VRAAG 4 (VERVOLG)

5.3 Personeel op chroniese medikasie o/streep
5.1 Algemene oorsig oor entstof Covid-19- trs
5.2 Entstof tydens swangerskap en borsvoeding
5.4 Newe-effekte

voeg subparagraafnommers in,
plaas in numeriese volgorde,
keep in en d/r

⋕

6. Eas voluit

⋕

7. Afsluiting

⋕

Op las van / raad bk

A Vorster Sekretaris sit afsluiting korrek uiteen

20/11/21 dalende orde

Kandidaat: Eas = Enige ander sake

[30]

VRAAG 5: NOTULE

TYD: 25 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 1.27cm/0.5" Regs: 1.27 cm/0.5" REëLAFSTANDE: Enkel, behalwe waar anders aangedui	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links LETTERTIPE: Arial 12 pt
1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 5 (regs belyn) in. 2. Neem alle proefleestekens in ag. 3. Stoor die dokument as V5 en maak 'n drukstuk. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.	

Notule van 'n algemene vergadering van personeellede en Entstofadvieskomitee gehou om 10:00 op Woensdag, 3/11/2021 in die raadsaal. dalende orde

Kandidaat: Voeg tabel in soos aangedui

Alle opskrifte in Onderwerp-kolom moet in vetdruk wees

Laat een oop reël soos aangedui voor volgende ry ruil hierdie twee kolomme om

Nr.	Bespreking	Onderwerp bk, vetdruk
1	Soos per bywoningsregister.	Bywoning
2	Mev Cloete, Mnr Petzer, Mej Vimbani	Verskonings
3	Die voorsitter begin deur alle deelneemers te versoek om hul mikrofone af te skakel en verduidelik dan / prosedure wanneer iemand 'n spreekbeurt wil hê, want die vergadering was virtueel. Daarna verwelkom hy almal en verklaar / vergadering behoorlik geopen ~~gekonstitueer~~. stet	Opening en verwelkoming
4	Die notule van die vergadering gehou op 30 Augustus, word as gelees beskou, en word daarna geteken en goedgekeur. o/streep	Notule van / vorige vergadering
5	Kandidaat: beskadu ry	Besprekingspunte:
5.1	Personeellede word aangemoedig om die entstof te kry aangesien aansteeklike siektes maklik versprei en die meeste mense vinnig kan aansteek. Mnr Njajula, een van / lede van die Adviesskomitee het verder aanbeveel dat die doel is om 'n ʌimmuniteit te bereik, waar 'n hoë % mense ingeënt is, wat dit vir die siekte moeilik maak om te versprei. kurs voluit voeg bladsybreek in	Algemene oorsig

VRAAG 5 (VERVOLG)

Ruil hierdie twee kolomme om

5.2	Aanbevelings is dat vroue wat in aanmerking kom om ingeënt te word tydens enige stadium van swangerskap en tydens borsvoeding o/streep die entstof moet ontvang. Lede word aangemoedig om die voordele en moontlike risiko's van inenting met hul dokters te bespreek. +	Swangerskap en borsvoeding
5.3	Dit word genoem dat personeellede met komorbiditeite meer blootgestel is aan ernstige Covid-19-infeksies en hulle dus waarskynlik die meeste voordeel sal trek uit die entstowwe. loop aan Dit word verder genoem dat hulle veral ingeënt moet word om hul risiko vir hospitalisasie en moontlike dood te verminder. Verder word personeellede verseker dat mense met komorbiditeite ingesluit is in baie entstofproewe, en die resultate het goeie beskerming getoon ~~van entstof tydens swangerskap en borsvoeding~~. + skrap	Choniese medikasie
5.4	Lede word gewaarsku oor 'n paar ligte, algemene trs ongewone matige en seldsame ernstige newe-effekte wat / entstof tot gevolg kan hê en wat om te doen wanneer hierdie newe-effekte verskyn. +	Newe-effekte
6	Lede word aangemoedig om voorsorgmaatreëls teen / dodelike Covid-19-virus te tref en om dit sterk te oorweeg om 'n entstof te neem. +	Enige ander sake
7	Die vergadering word om 12:00 afgesluit. +	Afsluiting

Stel 'n linkertabelstop op 5"/12.7 cm in en belyn bk, vetdruk

Voorsitter sekretaris

Voeg 20 gidsstippels in

[40]

VRAAG 6: AFRIKATAAL

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REëLAFSTANDE: 2.0	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links LETTERTIPE: Courier New 12 pt
1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 6 (regs belyn) in. 2. Sleutel in soos aangedui. 3. Stoor die dokument as V6 en maak 'n drukstuk. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.	

XANA SWISAWUTISI LESWI SWI HLAYISEKILE KUFIKA KWIHI?

Swisawutisi swa kamberiwa hi vurhonwana ku vona vuhlayiseki na matirhelo, hi ku ya hi data ya ndzingeto kusuka eka magidi ya vatekaxiave emisaveni hinkwayo.

EAfrika-Dzonga hi na riandlalo ra engetelo ra vuhlayiseki. Vulawuri bya Swimakiwa swa Rihanyu bya Afrika-Dzonga (SAHPRA) byi languta data ya xisayense hinkwayo ku tiyisisa leswaku xisawutisi lexi xi hlayisekile, xi tirha kahle, na ku va ximakiwa xa risima.

Hi ku engetela, hikwalaho ka leswi swisawutisi

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

OUDIOTRANSKRIPSIE

	TYD	PUNTE
VRAAG 7: PARAGRAWE	**25 minute**	**40**
VRAAG 8: TOESPRAAK	**20 minute**	**35**
VRAAG 9: MEMORANDUM	**15 minute**	**25**
TOTAAL	**60 minute**	**100**

Kopiereg voorbehou

OUDIOTRANSKRIPSIEVRAESTEL

INLIGTING RAKENDE DIE EKSAMENVRAE

Jy is 'n persoonlike assistent. Jou bestuurder gee vir jou 'n kasset met opgeneemde take daarop wat jy binne 'n uur moet afhandel terwyl hy/sy weg is.

1. Jou eerste taak **(VRAAG 7)** is om **PARAGRAWE** in te sleutel en te druk .

   WOORDE:
   mites; wanopvattings; stekelproteïen; plasentale; effektief; aansteeklik; kern

2. Jou tweede taak **(VRAAG 8)** is om 'n **TOESPRAAK** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   Eksellensie; Dlabazane; geëerde; verstadig; gesondheidsorgstelsels; kudde-immuniteit; normaliseer; variante; hospitalisasie; tonnel

3. Jou derde taak **(VRAAG 9)** is om 'n **MEMORANDUM** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   Inentingsveldtog; gazebo; Pfizer; selfregistrasieportaal; WhatsApp

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: PARAGRAWE

TYD: 25 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REëLAFSTANDE: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links LETTERTIPE: Arial 12 pt
1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 7 (regs belyn) in. 2. Die beginpunt op die tellerindeks is ... 3. Die leestyd is ±20 minute. 4. Stoor die dokument as V7 en maak 'n drukstuk. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.	

[40]

VRAAG 8: TOESPRAAK

TYD: 20 MINUTE **PUNTE: 35**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REëLAFSTANDE: Soos aangedui	PAPIER: A5-landskap WOORDBREKING: Outomaties BELYNING: Links LETTERTIPE: Arial 12 pt
1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 8 (regs belyn) in. 2. Die beginpunt op die tellerindeks is ... 3. Die leestyd is ±17½ minute. 4. Stoor die dokument as V8 en maak 'n drukstuk. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.	

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: MEMORANDUM

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REëLAFSTANDE: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Geen BELYNING: Links LETTERTIPE: Arial 12 pt
1. Sleutel as 'n kopskrif jou EKSAMENNOMMER (links belyn) en VRAAG 9 (regs belyn) in. 2. Die beginpunt op die tellerindeks is ... 3. Die leestyd is ±12½ minute. 4. Stoor die dokument as V9 en maak 'n drukstuk. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENVOUER.	

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou